testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2016

## GRAAD 9

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

**PUNTE: 200**
**TYD: 2 uur**

**19 bladsye**

*I1*

b.o.

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

**PUNTE: 200**
**TYD: 2 uur**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C en AFDELING D, gebaseer op die voorgeskrewe inhoud in die KABV-dokument.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Meervoudigekeuse-vrae | (20) | [10x2 = 20] |
| VRAAG 1.2 | Woordkeuse | (10) | [5x2 = 10] |
| VRAAG 1.3: | Pasitems | (20) | [10x2 = 20] |
| VRAAG 1.4: | Waar of onwaar | (10) | [5x2 = 10] |
| | | **[60]** | |

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 2: | Ekonomiese stelsels | | (10) |
| VRAAG 3: | Ekonomiese kringloop (diagram) | (10) | |
| VRAAG 4: | Prysteorie (grafiek) | | (10) |
| VRAAG 5: | Vakbonde | | (10) |
| | | | **[40]** |

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 6: | Joernale en grootboeke | (42) |
| VRAAG 7: | Grootboeke | (10) |
| VRAAG 8: | Proefbalans | (8) |
| | | **[60]** |

**AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 9: | Ekonomiese sektore | (12) |
| VRAAG 10: | Besigheidsfunksies | (12) |
| VRAAG 11: | Besigheidsplan | (16) |
| | | **[40]** |

2. Al die vrae is **VERPLIGTEND**.

3. Kandidate moet hulle kennis, vaardighede en insig inspan wanneer hulle die vrae beantwoord.

4. Beantwoord al die vrae (AFDELINGS A – D) in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. Die gebruik van nie-programmeerbare, nie-grafiese sakrekenaars word toegelaat.

## AFDELING A

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie keuses word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... is ŉ voorbeeld van ŉ onderneming wat goedere koop en verkoop om ŉ wins te maak.

A Brother en Son Prokureurs
B Jossie se Haarsalon
C Rigang Groothandelaars
D Danny se Loodgieter (2)

1.1.2 Die vakbond beweging het histories ŉ belangrike rol gespeel in die stryd uit ...

A apartheid.
B demokrasie.
C kollektiewe vedinging.
D affiliasies. (2)

1.1.3 Data wat in ŉ bruikbare vorm verwerk word, sodat dit gebruik kan word om ŉ spesifieke besluit te neem, staan bekend as ...

A inligting.
B kantooroutomatisering.
C vaslegging.
D data. (2)

1.1.4 Joe Handelaars het R1 400 van Mnr. Botha ontvang as gedeeltelike betaling van sy rekening. Identifiseer die twee rekeninge wat beïnvloed sal word.

A Rekening gedebiteer: Afslag;
Rekening gekrediteer: Debiteurekontrole
B Rekening gedebiteer: Verkope;
Rekening gekrediteer: Koste van Verkope
C Rekening gedebiteer: Koste van Verkope;
Rekening gekrediteer: Debiteuretoelatings
D Rekening gedebiteer: Bank;
Rekening gekrediteer: Debiteurekontrole (2)

1.1.5 Die drie hoofdeelnemers in ŉ geslote ekonomie is ...

A huishoudings, firmas en die buitelandse sektor.
B finansiële instellings, firmas en huishoudings.
C besighede, regering en huishoudings.
D staat, huishoudings, besighede en die primêre sektor. (2)

1.1.6 Die ... -plan, beskryf hoe die besigheid beplan, georganiseer en beheer sal word.

A bestuurs
B finansiële
C bemarkings
D produksie (2)

1.1.7 Vanweë die droogte wat Suid-Afrika ondervind het, het die koste van meel ... terwyl die aanbod vir Suid-Afrikaners sal ...

A verlaag; verlaag.
B verhoog; verlaag.
C verlaag; verhoog.
D verhoog; verhoog. (2)

1.1.8 Iemand wat geld aan ŉ onderneming skuld, is ŉ ...

A krediteur.
B las.
C voorsiener.
D debiteur. (2)

1.1.9 Die ...-funksie is belangrik in die werwing van personeel en om die personeel gemotiveerd te hou.

A produksie
B menslike hulpbronne
C bemarkings
D finansiering (2)

1.1.10 Industrieë in die ... sektor het die dienste van die tersiêre sektor nodig om hulle te help om hulle insette te bekom en te vervaardig en hulle uitsette te verkoop.

A sekondêre
B huishoudelike
C primêre
D geskoolde (2)

**[20]**

1.2 **KIES DIE KORREKTE WOORD**

Kies die korrekte woord uit die woordblok en voltooi die stellings wat volg. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK.

| brutowins; verbruikers; mark; huishoudings; besigheidsplan; kosprys |
|---|

1.2.1 ... verskaf arbeid in die ekonomiese kringloopdiagram. (2)

1.2.2 Verkope minus koste van verkope is gelyk aan ... . (2)

1.2.3 Die ... is ŉ plek waar kopers en verkopers ontmoet. (2)

1.2.4 Die Nasionale Kredietwet is gemaak om ... te beskerm. (2)

1.2.5 ŉ ... dui die aksies, doelwitte en metodes aan om ŉ onderneming sy doelwitte te laat bereik. (2)

**[10]**

1.3 **PASITEMS**

Pas die beskrywing in KOLOM B by die terme in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – L) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Ekonomiese probleem | A | Iemand wat aangestel is wanneer daar ŉ meningsverskil is, om beide kante van die saak aan te hoor en ŉ besluit neem om die geskil op te los in die werksplek |
| 1.3.2 | Veranderlike koste | B | Rekeningkundige rekords waarin transaksies opgesom word om uiteindelik in die algemene grootboek aangebring te word |
| 1.3.3 | Debietnota | C | Die totale uitset wat die vervaardigingsdepartement hoop om te vervaardig in ŉ spesifieke tydperk |
| 1.3.4 | Arbitrator | D | Winkels, diensverskaffers en professionele kantore waarheen mense gaan vir goedere en dienste |
| 1.3.5 | Ekonomiese kringloopmodel | E | Goedere word gekoop sodat dit met ŉ wins verkoop kan word. |
| 1.3.6 | Faktormark | F | Brondokumente word gebruik om transaksies in die KOJ neer te skryf. |
| 1.3.7 | Hulpjoernale | G | Koste beïnvloed die produksievlak. |
| 1.3.8 | Handelsvoorraad | H | Die vloei van goedere, dienste en inkome tussen vervaardigers en verbruikers |
| 1.3.9 | Produksieplan | I | Werksverskaffings buro en werwings agentskappe |
| 1.3.10 | Tersiêre sektor | J | Werk met beperkte hulpbronne om onbeperkte behoeftes en begeertes te bevredig |

**[20]**

1.4 **WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' teenoor die vraagnommer.

1.4.1 Entrepreneurskap sluit al die beleggings in wat gemaak word in 'n besigheid om dit te laat groei. (2)

1.4.2 Fakture is brondokumente wat uitgereik of ontvang word vir kredietttransaksies. (2)

1.4.3 Die werkers by Marikana behoort aan die "National Union of Mine Workers" unie (2)

1.4.4 Die krediteursjoernaal word aan die einde van die maand afgesluit en die totaal word slegs na die debiteursgrootboek oorgeboek. (2)

1.4.5 Risikobestuur is vir die kernbesigheid verantwoordelik en word aan sy rol in die identifikasie van markbehoeftes deur marknavorsing gekenmerk. (2)

**[10]**


**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B – DIE EKONOMIE

## VRAAG 2 – EKONOMIESE STELSELS

2.1 Benoem die ekonomiese stelsel vir elk van die volgende scenarios.

2.1.1 Ek is Alan Langley en ek het nog altyd 'n passie vir lekker roomys. Ek het 'n manier ontwerp om roomys in klein dotjies te maak. Ek het die proses gepatenteer om die roomys te maak en het 'n fabriek gebou om genoeg roomys te maak om dit internasionaal te verkoop.






2.1.2 My naam is Rainhard Rodrigues. Ek het my hele lewe lank in Kuba gewoon. Ek wou graag 'n onderwyser word. Ek het vir 'n groot suikervervaardiger gewerk wat deur die staat besit word. Die staat besluit wanneer ek werk, waar ek werk en hoeveel geld ek verdien.





2.1.3 My naam is Joel Peters. Ek besit 'n speelgoedfabriek. My werknemers gebruik skerp instrumente om die speelgoed te maak. Die Departement van Gesondheid en Sekuriteit se beamptes besoek my fabriek gereeld om seker te maak dat my werknemers in 'n veilige omgewing werk.





(3x1) (3)


2.2 Bespreek TWEE voordele van 'n beplande ekonomie. (2x2) (4)

2.3 Gee DRIE voorbeelde van Suid-Afrikaanse besighede wat in ander lande sake doen (3)

**[10]**

## VRAAG 3 – EKONOMIESE KRINGLOOP

Bestudeer die volgende vloeidiagram en beantwoord die vrae wat volg.




3.1 Identifiseer die vergoeding vir die vier produksiefaktore. (4x1) (4)

3.2 Watter tipe goedere en dienste verskaf die staat aan huishoudings en besighede? Noem ten miste TWEE voorbeelde. (3x1) (3)

3.3 Gebruik die vloeidiagram hierbo om die vloei van goedere en dienste tussen huishoudings en besighede in ŉ geslote ekonomie te beskryf. (2x1) (2)

3.4 Kies die korrekte woord tussen die hakies. Skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK neer.

(Dienste / Arbeid) sluit die fisiese en die verstandelike arbeid in wat deur ŉ werknemer gedoen word. (1)

**[10]**

**VRAAG 4 –PRYSTEORIE**

Leago Papierhandelaars koop hulle roumateriaal van Harold Holmes Vervaardigers. Die materiaal wat gekoop word, word gebruik om papier vir drukwerk te maak. Die volgende tabel verteenwoordig die verskaffing en vraag na bokse papier.

**MARKVRAAG EN VERSKAFFINGSKEDULE VAN BOKSE PAPIER**

| PRYS (R) | HOEVEELHEID NODIG | HOEVEELHEID GEGEE |
|---|---|---|
| 10 | 500 | 100 |
| 12 | 400 | 200 |
| 14 | 300 | 300 |
| 16 | 200 | 400 |
| 18 | 100 | 500 |

4.1 Gebruik die skedule hierbo om ’n vraag- en aanbodkurwe op dieselfde as op te stel. (7x1) (7)

4.2 Identifiseer die ekwilibrium / ewewigsprys. (1)

4.3 Verduidelik kortliks hoe die vraag na papier die prys van papier sal beïnvloed. (2)
**[10]**

**VRAAG 5 – VAKBONDE**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Stakende 'Pikitup' werkers maak van vandag af weer skoon.**

Neo Goba / 4 Desember 2015 00:42

Die Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersunie het gister met die amptenare van die Stad van Johannesburg vergader om 'n oplossing te soek vir die hope rommel wat opgaar. 'n Besluit om protesaksie op te skort na die protesaksie volg op 'n opstapel in die stad van die MEC ingryping Gautengse Departement van Korporatiewe Regering en Tradisionele Aangeleenthede.

"Na 'n reeks samesprekings en onderhandelings met ons lede het ons besluit om die protesaksie by Pikitup op te skort," sê Papikie Mohale, SAMWU se nasionale verteenwoordiger. Mohale het aan *The Times* gesê: "Daar gaan 'n fasiliteringsproses plaasvind onder die leiding van 'n advokaat. Die stadsbestuurder sal dan salarisgeskille van alle werkers binne die Stad van Johannesburg en ons verwag dat hierdie proses binne twee weke afgehandel sal word.

"Die protesaksie was nie noodwendig oor salarisse nie; dit was oor salarisverskille; insluitend die werksomstandighede van ons lede en die gebruik van deeltydse werkers," het Mohale gesê. SAMWU, Gauteng se streeksvoorsitter, Conel MacKay, het twee eise – Pikitup se besturende direkteur Amanda Nair moet gaan en oneweredige salarisbetalings moet "reggestel" word.

Bron: m.timeslive.co.za

5.1 5.1.1 Volgens die artikel, wie is die MEC van die Gautengse Departement van Korporatiewe Regering en Tradisionele Aangeleenthede? (1)

5.1.2 Bespreek EEN van SAMWU se rolle, volgens die artikel. (2)

5.1.3 Noem die TWEE eise wat die vakbond aan die werkgewer gestel het. (2x1) (2)

5.2 Definieer die term *kollektiewe bedinging*. (2)

5.3 Gee die betekenis van die volgende afkortings / akronieme.

5.3.1 SADTU (1)

5.3.2 SAMWU (1)

5.4 Noem die grootste vakbondfederasie in Suid-Afrika. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

**FINANSIËLE GELETTERDHEID**

**VRAAG 6 – JOERNALE EN GROOTBOEKE**

Op 1 Oktober 2016 het M. Kader sy besigheid, MK Meubileerders begin. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.

**INLIGTING**

Gebruik die inligting wat voorsien is om die transaksies in die volgende joernale to voltooi:

6.1 Kontantontvangstejoernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge (8)

6.2 Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad; Krediteurekontrole en Diverse Rekeninge (6)

6.3 Debiteurejoernaal met kolomme vir Verkope en Koste van Verkope (6)

6.4 Debiteuretoelatingsjoernaal met kolomme vir Debiteure Afslag en Koste van Verkope (5)

6.5 Krediteurejoernaal met kolomme vir Krediteurekontrole; Verpakkingsmateriaal en Diverse rekeninge (6)

6.6 Krediteureafslagjoernaal met kolomme vir Krediteurekontrole; Verpakkingsmateriaal en Diverse Rekeninge (4)

6.7 Voltooi die rekening vir die krediteur hieronder op. (7)

**BELANGRIK: MOENIE** die joernale op 31 Oktober 2016 afsluit nie.

**Openingsaldos vir 1 Oktober 2016.**

| **Debiteurelys** | | **Krediteurelys** | |
|---|---|---|---|
| Cain Du Pont | R 3 120 | Goodmans Handelaars | R14 200 |
| H. van Wyk | R23 450 | | |

**TRANSAKSIES VIR OKTOBER 2016:**

05 Kontantverkope van voorraad volgens kasregisterrol bedrae R2 394; kosprys (KRR 101) van R1 596.

07 ŉ Faktuur 90 is van Goodmans Handelaars ontvang vir R5 230. Dit was vir verpakkingsmateriaal van R3 102 en die res was vir verbruikersgoedere.

11 Cain Du Pont was ontevrede met sommige van die goedere en het dit teruggestuur. Kredietnota 51 ter waarde van R1 287 is uitgereik.

Reik tjek 61 uit aan Leonard Handelaars vir handelsvoorraad gekoop, R23 860.

16 ŉ Tjek is uitgereik aan Goodmans Handelaars om die bedrag wat aan die begin van die maand uitstaande was, te betaal.

ŉ Debietnota 11 is aan Goodmans Handelaars uitgereik vir R1 390 vir verpakkingsmateriaal wat beskadig is.

20 Reik ŉ faktuur uit aan H. van Wyk vir goedere op rekening aan hom verskaf, R2 390.

25 Ontvang ŉ tjek van H. van Wyk vir R2 890 om haar rekening gedeeltelik te vereffen.

**[42]**

## VRAAG 7 – ALGEMENE GROOTBOEK

Aan die begin van Augustus 2016 het Jays Winkels die volgende saldo in hulle boeke gehad:

**Algemene Grootboek**

Handelsvoorraad: R20 719

**OPDRAG:**

7.1.1 Oop die Handelsvoorraadrekening en boek die voltooide joernale oor na die rekening.

7.1.2 Balanseer die rekening aan die einde van Augustus 2016.

**Kontantontvangstejoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016 KBJ 9**

| Dok nr. | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van Ontvangste | Bank | Verkope | Koste van Verkope | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonderhede |
| | | | | | 37 315 | 7 660 | 4 475 | 16 850 | | |
| | | | | | B6 | N1 | N2 / B4 | B5 | | |
| | | | | | | | | | | |

**Kontantbetalingsjoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016 KBJ 9**

| Dok nr. | Dag | Naam van begunstigde | Fol | Bank | Handelsvoorraad | Krediteure Kontrole | Lone | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonderhede |
| | | | | 29 114 | 9 880 | 5 179 | 2 000 | 12 055 | | |
| | | | | B6 | B4 | B7 | N3 | | | |

**Debiteurejoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016 DJ9**

| Dok nr. | Dag | Naam van Debiteur | Fol | Verkope | Koste van Verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 11 390 | 7 593 |
| | | | | B5 / N1 | N2 / B5 |

**Debiteuretoelatingsjoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016 DTJ9**

| Dok nr. | Dag | Naam van Debiteur | Fol | Verkope | Koste van Verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 902 | 893 |
| | | | | | |

**Krediteurejoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016** **KJ 9**

| Dok nr. | Dag | Krediteur | Fol | Kredi-teure Kontrole | Handels-voorraad | Ver-bruiks-goedere | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| | | | | 9 778 | 8 367 | 1 037 | 374 | | |
| | | | | B7 | B4 | N5 | | | |

**Krediteuretoelatingsjoernaal van Jays Winkel – Augustus 2016** **KTJ 9**

| Dok nr. | Dag | Krediteur | Fol | Kredi-teure Kontrole | Handels-voorraad | Ver-bruiks-goedere | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| | | | | 1 240 | 510 | 580 | 150 | | |
| | | | | B7 | B4 | N5 | | | |

**[10]**

**VRAAG 8 – PROEFBALANS**

Gebruik die rekenings en bedrae hieronder om die proefbalans van Danyaal Handelaars op 31 Julie 2016 op te stel. Voltooi die proefbalans op die vorm in jou ANTWOORDBOEK.

**INLIGTING**

| | |
|---|---|
| Telefoon | R 445 |
| Verkope | R 9 681 |
| Huurinkomste | R 350 |
| Toerusting | R 5 500 |
| Krediteurekontrole | R 3 200 |
| Koste van verkope | R 7 095 |
| Kapitaal | R 10 000 |
| Bank | R 10 191 (dt) |

**[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D

## ENTREPRENEURSKAP

### VRAAG 9 – SEKTORE VAN DIE EKONOMIE

Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die volgende vrae.

**Prent 1**



**Prent 2**



**Prent 3**



9.1 Identifiseer elke sektor in die prente hierbo. (3)

9.2 Bespreek kortliks watter vaardigheid vir elke sektor genoem in Vraag 9.1.1 geverg word. (6)

9.3 Noem die "3R's" wat besighede nodig het as hulle hulpbronne volhoubaar gebruik. (3)

Onthou die 3 R's … Reduce – Reuse – Recycle!



**[12]**

**VRAAG 10 – FUNKSIES VAN 'N BESIGHEID**

10.1 Kyk na die volgende scenarios en identifiseer elke funksie wat in die besigheid genoem word. (4)

10.1.1 In ons departement by Perfect Design, is ons verantwoordelik om alles te koop wat die besigheid nodig het.

10.1.2 Een van die departemente van Perfect Design moet besluit watter kwaliteit, soort en tipe materiaalkleur, garing en knope hulle nodig het en watter hoeveelheid.

10.1.3 Janet werk in die departement waar daar besluit word waar Perfect Design geld gaan kry.

10.1.4 Naledi is die eienaar van Perfect Design. Naledi het 12 mense in diens geneem. Naledi is hardwerkend en gedrewe, sy streef altyd daarna om die gehalte van die klere wat hulle vervaardig en die diens wat dit lewer.

10.2 Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

# 4 P's van die Bemarkingsmengsel






Identifiseer die "4 P's" wat in die prentjies hierbo uitgebeeld word. (4)

10.3 Perfect Design moet hulle klere bemark / uitstal, wat hulle in die plaaslike koerant en op plakkate in die dorp adverteer. Gebruik die beeld hieronder en beskryf kortliks wat 'n goeie advertensie in staat moet wees om te doen.

**AANDAG**
**Opskrif – maak stelling**

**"GLO MY. DIT IS GOED OM VAN PLAN TE VERANDER."**

**BELANGSTELLING**

**Illustrasie / Visueel**

**Uitbeelding wat 'n aangename manier uitbeeld.**

**SKEP BEGEERTE**



**Onderopskrif skep nadruk**

**Kopie**
*** duidelik**
*** kortliks**
*** leesbaar**

**Nooi 'n teikengehoor uit om AKSIE te neem.** (4)
**[12]**

## VRAAG 11 – DIE BESIGHEIDSPLAN

11.1 Bespreek die hoofdoel van 'n besigheidsplan. (2)

11.2 Noem ten minste SES noodsaaklike dinge wat 'n besigheidsplan moet bevat. (6)

11.3 Lees die gevallestudie hieronder voordat die volgende vraag beantwoord word.

**KIDZ Kleremaatskappy**

Ons is in 'n winsgewende mark in 'n vinnig groeiende ekonomie. Ons het die vermoë om vinnig te reageer op wat die mark nodig het en om kinderklere te voorsien in 'n vinnig groeiende mark. Ons sleutelpersoneel het 'n goeie kennis op die plaaslike kleinhandelsmark en die vermoë wat ons sal help om die teikenmark te bereik. Ons neem kennis van ons gebreke in 'n nuwe, mediumgrootte maatskappy wat 'n bestaande kinderkleremark met ervare mededingers teiken.

Voltooi die SWOT-analise vir KIDZ kleremaatskappy en lys EEN komponent vir elke afdeling. (4x2) (8)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**